

DIE DUITSE REGERING EN DIE TWEDE VRYHEIDSOORLOG

Vir die politieke waarnemer wat nie veel dieper as die oppervlakte gepeil het nie, moes daar 'n treffende ooreenkoms gewees het tussen die houding van Duitsland en dié van Portugal t.o.v. die oorlog in Suid-Afrika. Ook die Duitse staatsmanne, op wie se skouers die verantwoordelikheid gerus het om leiding te gee in verband met die aangeleentheid — Wilhelm II, die keiser; Von Hohenlohe, die kanselier; Von Bülow, eers minister van buitelandse sake en daarna kanselier; Von Holstein, direkteur van die politieke afdeling van die kantoor van buitelandse sake; Von Hatzfeldt, die Duitse gesant in Londen; Von Eckardstein, hoofsekretaris van die gesantskap edm. — het op hul knieë geval as die Leeu maar net gegrom het, hoewel daar soms insidente voorgekom het wat tot wrywing aanleiding gegee het. Ons let slegs op die handelswyse van dié manne wat sleutelposisies aan die Wilhelmstrasse bekleed het.

Volgens die grondwet van Duitsland het die bepaling van die buitelandse beleid by die keiser berus.¹ Dit is dus begryplik dat die oë van sowel die vriende as vyande van die Boere voortdurend op hom gevestig sou wees om vas te stel watter reaksie die worstelstryd tussen Boerenasionalisme en Britse imperialisme by hom uitgelok het. Dit is gans onmoontlik om na al die gevalle te verwys waar hy John Bull kwistig met die heuningkwas besmeer het.² Hyself het op 22 Januarie 1902 die volgende voorbeelde aan sir Frank Lascelles, die Britse gesant in Berlyn, genoem om sy goeie gesindheid teenoor Brittanje te bewys: Sy twee besoeke aan Engeland gedurende die oorlog; sy weiering om President Kruger te woord te staan; sy toekenning van die Orde van die Swart Adelaar aan Lord Roberts, opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika; en die voorbereidings wat hy getref het om die prins van Wallis,³ wat hy enige oomblik in Berlyn verwag het, 'n luisterryke ontvangs te gee.⁴ Hierby kon hy nog gevoeg het: Sy hartlike verwelkoming van Eduard VII met sy besoeke aan Duitsland,⁵ en die bankette ter ere van die verjaarsdag van die Britse vors;⁶ sy militêre advies aan die Britte;⁷ en sy poging om die Duitse volk van sy anti-Britse gesindheid te genees deur toestemming aan Von Bülow te verleen om uittreksels uit toesprake van die beroemde voormalige kanselier, Otto von Bismarck, te publiseer waarin hy gepleit het vir die handhawing van goeie betrekking met Brittanje.⁸ Heeltemal in ooreenstemming met sy beleid, het hy 'n voorstel aan koningin Wilhelmina dat

1. Vgl. Rose, *The Development of the European Nations, 1870-1900*, pp. 132-133.
2. Die volgende gepubliseerde dokument wemel daarvan: (a) *British Documents on the Origin of the War*, I. (b) *Die Grosse Politik der Europäischen Kabinette*, XV.
3. Later George V.
4. B.D. I, nr. 335, Lascelles aan Lansdowne, dd. 22-1-1902.
5. B.D. I, nr. 322, Lascelles aan Lansdowne, dd. 28-2-1901; nr. 323, Lascelles aan Lansdowne, dd. 28-8-1901.
6. B.D. I, nr. 324, Lascelles aan Lansdowne, dd. 9-11-1901.
7. B.D. I, nr. 311, Lascelles aan Lansdowne, dd. 9-2-1900.
8. B.D. I, nr. 311, Lascelles aan Salisbury, dd. 9-2-1900.

Holland, Duitsland, Frankryk en Rusland gesamentlik moes tussenbei tree in die geskil tussen Boer en Brit, verwerp.⁹

By Von Hohenlohe, die rykskanselier, kan ons maar net 'n oomblik stilstaan. Hy was reeds diep in die sewentig, en die oorlog was slegs 'n jaar aan die gang toe hy vervang is deur Von Bülow. Buitendien het hy ook geen ander keuse gehad as om sy meester na te praat nie, anders sou hy stellig die weg van Bismarck gevolg het. Dat hy dit egter nie in die minste moeilik gevind het om op dieselfde snaar as die keiser te tokkel nie, blyk uit die getuienis van sir Horace Rumbold, die Britse gesant in Weenen. Rumbold beweer dat hy dikwels in aanraking gekom het met intieme vriende van Von Hohenlohe. Een van hulle, 'n Oostenryker, het hom in die begin van 1900 meegedeel dat hy so pas van 'n besoek aan die Kanselier teruggekeer het. Von Hohenlohe het diep besorg gevoel oor die gebeure in Suid-Afrika, „in which he is entirely on the British side”.¹⁰ Hy het dikwels gebid dat die Britte spoedig 'n volslae oorwinning sou behaal. Sy grootste bron van kommer was dat die Franse Brittanje se verleentheid sou misbruik om vir hom die wêreld in Egipte of êrens anders moeilik te maak. Van die Russe het hy geen ergernis verwag nie.¹¹

Aan Bernhard von Bülow, wat in 1897 Duitsland se minister van buitelandse sake geword het en in Oktober 1900 bevorder is tot kanselier,¹² het Downingstraat dit nog meer te danke gehad as aan Wilhelm II, dat Duitsland hoegenaamd geen poging aangewend het om die Britse stoomroller tot stilstand te bring voordat hy Pretoria bereik het nie. Chamberlain, wat van dr. C. B. Clark gesê het dat hy meer „Boers” as die Boere self was,¹³ kon ewe goed van Von Bülow gesê het dat hy meer „Brits” as die Britte self was, hoewel toegegee moet word dat in sy geval dit alles behalwe opregte vriendskap was. Dit was ongelukkig vir die Boere dat juis hy die grootste invloed op die Keiser moes uitgeoefen het.¹⁴ Hy het die geleentheid gehad om eerstehandse kennis van die Britse beleid en strewe op te doen toe hy aan die Duitse ambassade in Londen verbonde was.¹⁵ Die heuningkwas het hy net so behendig hanteer soos sy meester. In Desember 1899 het hy namens die Keiser meegevoel betuig met sir Frank Lascelles na aanleiding van die swaar verliese wat Brittanje gedurende die eerste weke van die oorlog in Suid-Afrika gely het, en melding gemaak daarvan dat Wilhelm baie van die gesneuwelde offisiere persoonlik geken het. Dit was Von Bülow se vurige wens dat die troepeversterkings wat op pad na die oorlogsveld was, daarin sou slaag om die bordjies te verhang,

9. G.P., XV, nr. 4494, keiser Wilhelm II aan Koningin Wilhelmina van Holland, dd. 27-3-1900.

10. B.D. I, nr. 307, Rumbold aan Salisbury, dd. 13-1-1900.

11. B.D. I, nr. 307, Rumbold aan Salisbury, dd. 13-1-1900.

12. Von Bülow se plek as minister van buitelandse sake is ingeneem deur baron Von Richthofen, 'n man van wie die Boere ewe min heil kon verwag as van sy voorganger. (Vgl. ook G.P., XV, nr. 4373).

13. *Hansard*, 31-7-1897—6-8-1897, p. 356.

14. 'n Mens kom tot hierdie gevolgtrekking by die deurlees van sowel die Duitse as Britse amptelike dokumente. (Vgl. B.D. I, en G.P., XV). Vergelyk ook die sienswyse van Halevy in *Imperialism and the Rise of Labour* (p. 111).

15. Vgl. Scholtz, *Oorsake*, I, p. 224 (voetnoot nr. 34).

„for, speaking as a German, and from a selfish point of view, any diminution of the authority and prestige of Great Britain would be little short of a calamity for Germany”.¹⁶ Hy het Lascelles verseker dat sy standpunt verteenwoordigend was van byna die hele Duitsland. Dit was wel waar dat die publieke opinie in Duitsland die Britte veroordeel het, maar dit was suiwer platonies van aard en op sentiment gebaseer. Anders as die Franse en Russe wat behae sou skeep in 'n Britse neerlaag, het die Duitsers vertrou dat Brittanje triomfantlik uit die stryd te voorskyn sou tree. Hy het die Britse gesant ten slotte verseker dat die oorlog in Suid-Afrika geen internasionale komplikasies sou meebring nie. Hoewel dit vir Rusland die aangewese oomblik was om Brittanje se invloed in Persië te ondermyn, was al sy aandag in beslag geneem deur interne vraagstukke. Met die oog op die internasionale tentoonstelling wat in Parys sou plaasvind, kon Frankryk ook nie bekostig om rusie te soek nie.¹⁷ As die impulsiewe Keiser soms opmerkings gemaak het wat die Britte kon aanstoot gee, was dit die taak van Von Bülow om olie op die golwe te gooi. Tydens 'n feestelike onthaal in Berlyn in 1901 ter ere van die geboortedag van Eduard VII, het Wilhelm in 'n gesprek met Lascelles beweer dat die regering van Salisbury onbevoeg was vir sy taak. Hy het al twee geleenthede laat glip om die oorlog in Suid-Afrika te beëindig, eerstens na die oorgawe van Cronje en tweedens met die afsterwe van koningin Victoria. Die oorlog is onnodig uitgerek en die leër opgeoffer aan die belange van politici. Brittanje se enigste redding was daarin geleë dat daar weer 'n Disraeli moes opstaan.¹⁸ Von Bülow wat die gesprek aangehoor het, het sodra hy Lascelles om 'n hoekie alleen kon kry, gepleit dat Wilhelm se uitlatings tog nie te ernstig opgeneem moes word nie. Die Keiser was 'n soldaat wat min sinnigheid gehad het vir parlementêre instellings en siviele ministers. Hy kon Lascelles verseker dat die Keiser nie in die minste 'n begeerte gehad het dat Brittanje verswak moes word nie. Intendeel, hy het die einde van die oorlog in Suid-Afrika tegemoetgesien sodat die Britse invloed in ander dele van die wêreld weer sterker gevoel kon word.¹⁹

Die magtigste man in Duitsland in die krisisuur wat die Boere belewe het, was Geheimrath Fritz von Holstein, wat in beheer was van die politieke afdeling van die departement van buitelandse sake, 'n pos wat hy sedert 1894 beklee het.²⁰ Hy was 'n sinistêre, misterieuse persoon wat in die donker hoekies van sy kantoor tallose diplomatieke intriges beplan het en vandaar uit, menigvuldige koerantartikels geïnspireer het. Waar die Keiser vir Von Bülow ontsag gehad het, het hy vir Von Holstein vrees gekoester. Hy het die kuns verstaan om die kanselier of ministers na sy wil te buig en die Keiser, vir wie hy min respek getoon het, te uitoorlé. Hy het die konsep opgestel van 'n keiserlike rede of ambassadeurs te

16. B.D. I, nr. 302, Verslag van Lascelles aan Salisbury, dd. 20-12-1899.

17. B.D. I, nr. 302, Lascelles aan Salisbury, dd. 20-12-1899.

18. B.D. I, nr. 324, Lascelles aan Lansdowne, dd. 9-11-1901.

19. B.D. I, nr. 324, Lascelles aan Lansdowne, dd. 9-11-1901.

20. Lee, *King Edward VII*, I. p. 669 (Eerste voetnoot).

woord gestaan sonder om sy politieke hoofde te raadpleeg. In 1900, toe Von Bülow kanselier geword het, het hy die kantoor van buitelandse sake aan Von Holstein aangebied, maar lg. het dit hooghartig van die hand gewys. As hy nie sy sin kon kry nie, het hy gewoonlik gedreig om te bedank. Dan het Wilhelm en Von Bülow kopgegee uit vrees vir die storm wat hy in Duitsland kon ontketen.²¹ Hoewel hy ongetwyfeld geen liefde vir die Britte gekoester het nie, het hy tot versigtige optrede teenoor hulle gemaak. So was hy bv. gekant teen die telegram waarin die Keiser Kruger gelukgewens het met die suksesvolle optrede teen Jameson in 1896.²² Toe dit drie jaar later duidelik geword het dat 'n oorlog in Suid-Afrika onafwendbaar was, het hy vroegtydig gewaarsku dat Duitsland hom nie moes inlaat met die moeilikhede tussen Boer en Brit nie.²³

Ons het die gesindheid van die maghebbers in Duitsland nou voldoende ontleed om aan te toon hoe uiters skraal die vooruitsig vir die Boere-republieke was om heil uit daardie oord te verwag. Tog het daar voor die einde van die oorlog verwikkelinge ingetree wat die vlam van hoop in Pretoria weer kon laat opflikker. Die ernstige poging om 'n Anglo-Duitse alliansie in die lewe te roep, wat gevolg het op die herskommeling van die Britse kabinet ongeveer twee maande voor die dood van die vorstin in 1901, kan beskou word as die kulminasiepunt van die amptelike toenadering tussen Brittanje en Duitsland sedert die breuk wat deur die Jameson-inval veroorsaak is. Dit is moeilik om vas te stel wie die bal aan die rol gesit het.²⁴ Ons het egter slegs belang by die *uitwerking* wat die diplomatieke bedrywighede agter die skerms op die vryheidstryd van die Boere gehad het, en moet teruggaan na November 1899 toe die Duitse keiser vir die eerste keer sedert die somer van 1895 Brittanje weer besoek het.²⁵

Wilhelm II het sy minister van buitelandse sake met hom saamgeneem, wat daarop dui dat hy meer beoog het as 'n blote welwillendheidsbesoek aan familiebetrekkings. Hoewel hy en Von Bülow die Britse premier nie te sien gekry het nie,²⁶ het hulle tog lang gesprekke gevoer met Balfour en Chamberlain. Die staatsmanne het gepoog om die onderwerpe wat hulle bespreek het, dig te hou, maar die aard daarvan het spoedig aan die lig gekom. Mandell Creighton, 'n Londense biskop, het, op versoek van die Britse kroonprins, die pan-Germaanse beweging ten aanhore van Wilhelm in die kerk van Sandringham sterk aangeprys.²⁷ Op 30 November 1899, twee dae na die vertrek van die Duitsers uit Brittanje, het Chamberlain, die groot apostel van pan-germanisme, in 'n toespraak te Leicester

21. Vgl. Grant en Temperley, pp. 349-350. Eers in 1906 het die Keiser en kanselier die moed bymekaar geskraap om sy bedanking te aanvaar.

22. Vgl. Scholtz, *Oorsake*, I, p. 381.

23. G.P., XV, nr. 4362, memorandum deur Von Holstein, dd. 8-6-1899.

24. Die Duitse dokumente skrywe die inisiatief toe aan Brittanje (vgl. G.P. XVI en XVII), terwyl die Britse dokumente dit toeskrywe aan Duitsland (vgl. B.D. II).

25. Vir meer besonderhede in verband met hierdie besoek sien Van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek en die Britse buitelandse en koloniale Beleid*, hfst. XIV.

26. B.D., nr. 302, Lascelles aan Salisbury, dd. 20-12-1899.

27. Volgens die getuienis van Creighton se eggenote. (Sien die eerste voetnoot op p. 114 in Halevy, *Imperialism*).

'n pleidooi gelewer vir 'n drievoudige alliansie tussen Brittanje, Duitsland en die Verenigde State van Amerika.²⁸ Ons kan ons voorstel dat daar met spanning gewag is op 'n soortgelyke verklaring van Wilhelm of Von Bülow by hul terugkeer in Berlyn. Daar het egter niks gebeur nie, en die pro-Britse Duitsers kon hulself met reg afvra wat hul leiers dan in Brittanje gaan doen het. Wel het die bloed vinniger as gewoonlik gevloei deur die are van *die Duitse volk*, maar dit moet toegeskrywe word aan die wrewel wat Chamberlain se toespraak opgewek het en hoegenaamd nie aan die opwelling van 'n pro-Britse sentiment nie.²⁹ Von Bülow het later die flou verskoning aangevoer dat hy die houding van die Duitse volk in aanmerking moes neem.³⁰ Dat daar egter dieperliggende motiewe agter geskuil het, sal weldra aangetoon word. Hoewel dit vir Chamberlain 'n groot teleurstelling moes gewees het dat die Wilhelmstrasse nie aan die aas wat hy na hom uitgegooi het, wou byt nie, het hy die stryd nog nie gewonne gegee nie. Spoedig het 'n nuwe geleentheid hom voorgedoen om sy flikkers by die Adelaar te gooi.

Op 22 Januarie 1901 het koningin Victoria haar laaste asem uitgeblaas. Eduard VII, die nuwe Britse vors, wat blykbaar die anti-Duitse houding van sy jeug vergeet het, het hom daarop toegelê om die vertroue van sy neef, Wilhelm II van Duitsland, te herwin.³¹ In November van die vorige jaar het daar reeds 'n betekenisvolle verandering in Downingstraat plaasgevind, toe Lansdowne die kantoor van buitelandse sake van Salisbury oorgeneem het, hoewel lg. nog eerste minister gebly het.³² Lansdowne, wat aan dieselfde groep van Liberale Unioniste as Chamberlain en die hertog van Devonshire behoort het nl. die voorstanders van samewerking met Duitsland, het dit as sy eerste plig beskou om aan die wêreld te laat verstaan dat hy in bondgenootskap met Berlyn wou tree.³³ Die besoek van Wilhelm aan Brittanje met die siekte en afsterwe van Victoria het hom die geleentheid verskaf om sy politieke vernuf te toon. Soos gewoonlik het Von Eckardstein opgetree as skakel tussen die Britse en Duitse staatsmanne.³⁴ Toe Wilhelm op 20 Januarie 1901 in Engeland aankom, was die aanvoerwerk al gedoen.³⁵ Dit het egter weinig gehelp om sake te bespoedig want die samesprekings het traag voortgesleep tot lank na sy vertrek.³⁶ Die rede hiervoor hoef ons nie ver te soek nie: Net

28. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 114-115. Soos voorheen het Wilhelm II weer Chamberlain se rassefilosofie geesdriftig ondersteun. In Februarie 1901 rapporteer Lascelles aan Lansdowne: „His Majesty spoke at considerable length, and with great eloquence, of the necessity of the Teutonic nations holding together, in view of the probable, if not inevitable, conflict between them and the Slavonians.” (B.D. I, nr. 322).

29. Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 115.

30. B.D. I, nr. 337, Lascelles aan Lansdowne, dd. 31-1-1902.

31. In hierdie taak is hy nog voor sy troonbestyging bygestaan deur ander lede van die koninklike familie. (Vgl. memorandum deur Von Bülow, dd. 24-11-1899, G.P. XV, nr. 4398).

32. Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 121.

33. *Ibid.*, pp. 121-122.

34. B.D. II, hoofstuk X, Editorial Note.

35. Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 122: Von Eckardstein: *Lebenserrinerungen und Politische Denkwürdigkeiten*, II, pp. 253 v.v.

36. B.D. II, hoofstuk X.

net so min het die Wilhelmstrasse dit opreg bedoel met die poging om Brit en Duitser onder één dak saam te bring, hoewel Wilhelm en sy so min as wat Downingstraat dit opreg bedoel het met die Angola-verdrae, vernaamste luitenant listig saamgespeel het.³⁷ Slegs Von Hatzfeldt en die Brits-georiënteerde Von Eckardstein het opreg daarna gestrewe om met Brittanje tot 'n verstandhouding te geraak.³⁸

Kort voor die aankoms van Wilhelm het Von Eckardstein 'n paar dae saam met Chamberlain en die voorsitter van die Geheime Raad, die hertog van Devonshire, in Chatsworth deurgebring. Die Britte het hul gas laat verstaan dat die dae van „splendid isolation” vir goed verby was, en dat dit vir Brittanje noodsaaklik geword het om sy koloniale vraagstukke op te los: óf in samewerking met die Drievoudige Verbond van Duitsland, Oostenryk en Italië óf die Tweevoudige Verbond van Rusland en Frankryk. Anders as sommige van hul kollegas, het hulle verkies om hul lot by e.g. Verbond in te werp, maar indien hulle verstoot word, sou hulle verplig wees om hul heil by die Franse en Russe te gaan soek.³⁹ Vir die Duitser moes dit duidelik gewees het dat Chamberlain, die sterkste man in die Britse kabinet,⁴⁰ nog steeds die politieke weg bewandel het waarop sy vrees vir die Russiese uitbreidingsdrang in die Verre Ooste hom in 1898 gedwing het,⁴¹ en hy kon nou maar die drade trek. Sy taak was nie maklik nie. Afgesien van die onsekerheid omtrent die houding van die Duitse staatsliede, was daar ook botsende strominge in Downingstraat wat versoen moes word. Sy grootste struikelblok hier was die hardkoppigheid van Salisbury wie se geloof in isolasie nog net so onwrikbaar was soos altyd. Die Britse premier is ondersteun deur Francis Bertie, assistent onder-sekretaris van buitelandse sake,⁴² die „Holstein” van Downingstraat, wat Chamberlain so heftig teengestaan het met die susereiniteitskwessie.⁴³

Bertie het die voor- en nadele van 'n Anglo-Duitse alliansie noukeurig teen mekaar opgeweeg. In November 1901 berei hy 'n lywige memorandum voor, ongetwyfeld met die doel om Chamberlain en sy aanhang koud te sit. Van begin tot end giet hy vryelik venyn uit oor Duitsland: Sy sluheid is bewys deur Bismarck se stelsel van alliansies. Hy is inhalig en roofsgtig. Met Rusland is hy voortdurend in 'n tariewestryd gewikkel. Hy het van Oostenryk 'n bondgenoot gemaak om die Dene plat te trap en te beroof. Daarna het hy omgedraai en sy bondgenoot uit die konfede-

37. Bewyse hiervan kan gevind word op menige bladsy van sowel die Duitse as Britse dokumente. (Vgl. G.P. XVI, hfst. 106; G.P. XVII, hfst. 109; B.D. II, hfst. X).

38. Von Hatzfeldt het reeds sedert 1897 daarna gestrewe om noue samewerking tussen Londen en Berlyn te bewerkstellig. Von Eckardstein se belange was feitlik geheel en al Brits.

39. B.D. II, hoofstuk X, Editorial Note; Lee, I, pp. 797-798.

40. Vgl. Van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid, 1881-1899*, hfst. XIV.

41. *Ibid.*

42. Hy het hierdie pos beklee van 1894 tot 1903. Daarna is hy aangestel as Britse gesant in Rome (1903-1905) en in Parys (1905-1918).

43. Vgl. Van der Walt, *Die Suid-Afrikaanse Republiek in die Britse buitelandse en koloniale beleid, 1881-1899*, hfst. XIV.

rasie van Duitse state verdrywe.⁴⁴ Hy het Frankryk verneder en geld en grondgebied van hom geroof.⁴⁵ Hy begeer die kuslyn van die Hollanders. Daarom is hulle so bedug vir hom. Hy het sy oog op die Belgiese Kongo. Hy lewe voortdurend in vrees dat Brittanje by die Tweevoudige Verbond sal aansluit. Daarom moedig hy hom aan om in bondgenootskap te tree met Japan,⁴⁶ die gevaarlike teenstander van Rusland in die Verre Ooste. Daarom ook saai hy voortdurend twis en tweedrag tussen Londen, Parys en St. Petersburg: „She is always ready with information for our consumption of Russian and French intrigues and probably she supplies the Russian and French Governments with particulars of our sinister designs.” Bertie dring deur tot die wese van die Brits-Duitse konflik as hy verklaar dat die belange van Brittanje en Duitsland op sommige plekke van die aardbol eenvoudig onversoenbaar is. Duitsland, wie se ideaal dit is om ’n sterk seemag te word, het kolestasies nodig wat hy kan fortifiseer. Noodgedwonge sal hy links en regs op die regte van ander nasies moet inbreuk maak: „Good ones on the highways of trade can only be got in the great seas by purchase from Spain; by force from Holland — for she would not sell —; by the spoliation of Portugal, which we should be bound to resist; from Siam, whose integrity within certain limits we have guaranteed; or from France as the outcome of a successful war.” Hy voeg nog by: „If Germany seek a station in the Mediterranean, it must be obtained from Morocco, Spain, Greece or Turkey, and to the detriment of our naval position”.⁴⁷ Al hierdie probleme bring Bertie by die volgende vrae: Wie gaan die toon aangee in ’n kombinasie van moondhede wat sowel Brittanje as Duitsland insluit? Sal Duitsland tevrede wees om die leiersposisie aan Brittanje af te staan? Indien wel, waarom dwing hy dan vir Oostenryk en Italië om tweede viool te speel in die Drievoudige Verbond? Omdat hy nie ’n antwoord kan vind op hierdie vrae nie, is hy gekant daarteen dat Brittanje met Duitsland ’n defensiewe verbond moet sluit wat in die praktyk daarop sal neerkom dat hy lid word van die Drievoudige Verbond. Dit sal, afgesien van al die ander komplikasies, ook aanleiding gee tot voortdurende wrywing tussen Brittanje en Frankryk in Europa en in baie dele van die wêreld, asook tussen Brittanje en Rusland in uitgestrekte gebiede van Asië waar hul kolonies aanmekaar grens of naby mekaar geleë is. Bertie is nie gekant teen enige vorm van samewerking met Duitsland nie. Die meeste wat hy egter sal steun, is ’n gesamentlike beleidsverklaring van Brittanje en Duitsland wat beperk is tot Europa en die Middellandse See, en wat die gemeenskaplike belange omskrywe wat die twee moondhede tesaam sal behartig en verdedig. Hoe teenstrydig dit ook mag voorkom, Bertie glo dat Brittanje aan sy „splendid isolation” moet vaskleef om sy „world policy” te kan voortsit, want dit stel hom in

44. Bertie verwys hier na die oorlog van Pruise en Oostenryk teen Denemarke (1864) en die oorlog van Pruise teen Oostenryk (1866).

45. Die Frans-Pruisiese Oorlog (1870-1871).

46. In Januarie 1902 is ’n Anglo-Japanse alliansie in die lewe geroep. (Vgl. Lee, *Edward VII*, II, pp. 140-145).

47. Bertie weerspreek Chamberlain hier direk wat in Desember 1898 verklaar het dat daar geen deel van die wêreld is waar Britse en Duitse belange ernstig bots nie.

staat om die magsewewig te bewaar tussen die Drievoudige en die Tweevoudige Verbond. Om sy teenstanders tot sy sienswyse oor te haal, betoog hy soos volg: „The best proof that isolation is not so dangerous as the German Government would have us believe, is that during our two years of war, when we have had nearly a quarter of a million men locked up in South Africa, and we have had the opinion of the educated classes abroad as expressed in the Press, and the sentiment of the peoples of most countries against us, and when more than one Power would have been glad to put a humiliation on us, it has not been found possible to form a coalition to call upon us to desist from war or to accept arbitration”.⁴⁸

Hoewel Lansdowne Bertie se pleidooi vir die voorsetting van Brittanje se tradisionele isolasiebeleid verwerp het op grond van die veranderende wêreldomstandighede,⁴⁹ het hy tog die idee van ’n gesamentlik beleidsverklaring t.o.v. bepaalde gebiede aanvaar en ’n konsep in dier voeë aan Salisbury voorgelê.⁵⁰ Hierdie konsep is deur laasgenoemde met groot agterdog bejeën weens die baie potensiële gevare daaraan verbonde.⁵¹ Geen wonder dat die entoesiasme in Britse kringe heeltemal gekwyn het het nie. Teen die einde van 1901 was die pan-Germaanse beweging iets van die verlede in soverre dit Brittanje betref het.⁵²

Dis mislukking van Chamberlain se ideaal om ’n hegte band te smee tussen Downingstraat en die Wilhelmstrasse, kan maar gedeeltelik toegeskrywe word aan die verdeeldheid onder die Britse maghebbers t.o.v. die vraagstuk van isolasie. Wilhelm en sy talle raadgewers⁵³ het heerlik saamgeklets en baie voorstelle gemaak, maar sodra dit by dae gekom het, op behendige wyse by allerhande skuiwergate uitgeglip. Paul Cambon, die Franse ambassadeur in Londen, wat natuurlik die Brits-Duitse intriges haarfyn dopgehou het, gee ’n raak beskrywing van die houding van Wilhelm, soos hy dit reeds by die besoek van die Keiser aan Brittanje in 1899 opgemerk het: „The confidences I have been able to gather, make it certain that with his usual impulsiveness and want of restraint, Mr. Chamberlain has spoken of the common interests of Great Britain and Germany throughout the world and proposed to the Emperor an alliance or at least a general agreement on all questions which concern the two countries. *The Emperor has listened to his proposals, paid him compliments, excited his hopes and made promises, but has not, it seems, committed himself*”.⁵⁴ Heeltemal in ooreenstemming met sy beleid, het die keiser in die begin van 1900 ywerig deelgeneem aan geheime samesprekings

48. B.D. II, nr. 91, memorandum by Mr. Bertie, dd. 9-11-1901.

49. B.D. II, nr. 92, memorandum by the Marquess of Lansdowne, dd. 11-11-1901.

50. B.D. II, nr. 93, memorandum by the Marquess of Lansdowne, dd. 4-12-1901.

51. B.D. II, Minute by Lord Salisbury, dd. 6-12-1901.

52. B.D. II, nr. 98, T. H. Sanderson, Permanent Under-Secretary of State for Foreign Affairs, to Mr. Chirol, dd. 21-1-1902 (Draft). Valentine Chirol was die korrespondent van *The Times* in Berlyn.

53. Baie van hulle was nie-amptelik. (Vgl. Backeberg, a.w., p. 142).

54. Cambon aan Delcassé, dd. 1-12-1899. (E. Bourgeois and G. Pagé, *Les Origines et les Responsabilités de la Grande Guerre*, p. 284). Engelse vertaling in Halevy, pp. 114-155, tweede voetnoot. (Onderstreping deur skrywer).

tussen Berlyn, Parys en St. Petersburg om ten behoewe van die Boere in te meng in die Suid-Afrikaanse stryd, maar, toe dit vir hom duidelik geword het dat daar niks goeds uit gebore gaan word nie, en hy bevrees was dat Londen te hore kon kom wat agter sy rug gaande was, hom gehaas om aan die prins van Wallis te skrywe dat Mouravieff, die Russiese minister van buitelandse sake, hom wou ooreed om saam met Rusland en Frankryk stappe te doen om die Boererepubliekies van ondergang te red, dog dat hy kortaf geweier het.⁵⁵ Die motief wat agter die kleurlose houding van die keiser geskuil het, word deur Von Bülow verduidelik in 'n memorandum wat hy in 1899, tydens hul besoek aan Brittanje, opgestel het. Daarin verklaar hy dat Duitsland slegs sy regmatige plek in die ry van nasies kan inneem *as hy oor 'n sterk vloot beskik*. Totdat dit kan gebeur, moet hy op goeie voet bly met Brittanje, Rusland en Frankryk, en, wat die internasionale verwickelinge betref, slegs 'n afgwagende houding inneem.⁵⁶ Hoe suiver het Bertie nie die Duitse politiek gepeil nie!

Indien Chamberlain tot hiertoe blind was vir die werklike strewe van die Wilhelmstrasse, het die mislukking van sy pro-Duitse beleid 'n rewolusie in sy gees teweeggebring wat 'n mens herinner aan die volslae ommekeer in sy gesindheid teenoor die Boere nadat hy sy rug op Gladstone gekeer het. Op lange laas het hy besef dat dit nie slegs sy eie kollegas was wat hom in die wiele gery het nie. Die gevolg was dat hy nie meer, soos in die verlede, bereid was om die anglofobie van die Duitse volk en pers te verduur terwille van goeie amptelike betrekkinge nie. Op 23 Oktober 1901 verklaar hy in Edinburgh dat die guerilla-oorlogvoering waartoe die Boere hul toevlug geneem het, Brittanje moontlik sal verplig om hardhandiger teenoor hulle op te tree. „If that time comes,” voeg hy by, „we can find precedents for anything we may do in the action of those nations who now criticize our ‚barbarity’ and ‚cruelty’, but whose example in Poland, in the Caucasus, in Algeria, in Tongking, in Borneo, in the Franco-German war — whose example we have never even approached”.⁵⁷ Chamberlain het waarskynlik nog nie bedoel om openlik met die Duitsers te breek nie, want hy val die Russe en Franse ewe-eens aan. Tog toon die storm wat hy in sowel amptelike as nie-amptelike Duitse kringe ontketen het,⁵⁸ juis op die oomblik toe die onderhandelinge oor die sluiting van 'n Anglo-Duitse alliansie die mees kritieke stadium bereik het, hoe uiters kunsmatig die vriendskaplike betrekkinge tussen Berlyn en Londen was. Daar het nou 'n tweegeveg tussen Chamberlain en Von Bülow ontwikkel.

Graaf Metternich, wat Von Hatzfeldt in 1901 as Duitse gesant in Londen vervang het, het Lansdowne gewaarsku dat Von Bülow in die

55. G.P. XV, nr. 4480, Prinz Eduard von Wales an Kaiser Wilhelm II, dd. 7-3-1900; Halevy, *Imperialism*, pp. 116-118; Lee, *King Edward VII*, pp. 761-773; Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 67-94; Scholtz, *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek*, p. 234.

56. G. P. XV, nr. 4398, memorandum deur Von Bülow, dd. 24-11-1899.

57. Aangehaal in Halevy, *Imperialism*, p. 123; opgesom in B.D. I, nr. 325, Buchanan aan Lansdowne, dd. 20-11-1901. (Buchanan was die sekretaris van die Britse ambassade in Berlyn).

58. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 122-125, 'n Verwoede pennestryd het o.m. tussen die Britse en Duitse pers ontstaan.

ryksdag onder kruisverhoor geneem sou word na aanleiding van Chamberlain se uitlatings en hom versoek om sy kollega te oorreed om 'n openbare verklaring uit te reik dat dit nie sy bedoeling was om Duitsland te beledig nie, maar Lansdowne het geweier.⁵⁹ Daarna het Von Bülow self Chamberlain die handskoen toegewerp. Op 8 Januarie 1902 verwys hy in die ryksdag, waar Chamberlain lelik onder die spervuur deurgeloopt het, na die verwronge oordeelvermoë van die Britse minister.⁶⁰ Chamberlain het nie op hom laat wag nie. Drie dae later spreek hy sy kiesers in Birmingham toe en trek op sy beurt los op Von Bülow: „What I have said, I have said. I withdraw nothing. I qualify nothing. I defend nothing. As I read history, no British minister has ever served his country faithfully and at the same time enjoyed popularity abroad. I make allowance, therefore, for foreign criticism. I will not follow an example that has been set to me. I do not want to give lessons to a foreign minister, and I will not accept any at his hands. I am responsible only to my sovereign and to my countrymen”.⁶¹ Met hierdie vuishou het Chamberlain 'n bres oopgeslaan in die Brits-Duitse betrekkinge, wat al 'n kwart eeu gelede ontstaan het, maar nog altyd onder 'n laag vernis verberg was, of, indien dit wel soms aan die oppervlakte sigbaar geword het, soos met die Jameson-inal, altyd weer toegesmeer kon word. Noudat Chamberlain by die kruispad 'n koers ingeslaan het wat weg van Berlyn gelei het, en die Britse vors en ander leidende figure, o.w. Lansdowne, met hom saamgeneem het, was daar geen invloedryke staatsman in Downingstraat of die Wilhelmstrasse oor wat dit as sy roeping beskou het om die Leeu en die Adelaar langs een vuur te laat sit nie.⁶² In 'n sekere sin het die vervreemding tussen Londen en Berlyn, wat so 'n belangrike faktor geword het in die ontstaan van die Eerste Wêreldoorlog, dus *gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* ingetree. Hiermee wil ons geensins bedoel dat Chamberlain so 'n magtige potentiaat was dat een enkele toespraak van hom deurslaggewend vir die internasionale politiek was nie. Ons wat ver van daardie gebeure afstaan, weet dat sy toespraak maar net 'n *simptoom* was van die skeuring tussen Londen en Berlyn, en moet gevolglik die diepere oorsake vasstel.

In die eerste plek was daar die vloeibaarheid van die Britse buitelandse beleid aan die begin van die twintigste eeu. Hoewel Francis Bertie beweer het dat die isolasiebeleid nog nie uitgedien was nie, het hy tog onomwonde te kenne gegee dat hy die Franse en Russe beter gesind was as die Duitsers.⁶³ In 1904 het Brittanje 'n pro-Franse beleid aanvaar toe 'n Anglo-Franse entente in die lewe geroep is.⁶⁴ Bertie het die geleentheid gehad om hierdie beleid sterk uit te bou toe hy in 1905 as ambassadeur na Parys gestuur is en daar gebly het tot aan die einde van die Eerste

59. B.D. I, nr. 326, Lansdowne aan Buchanan, dd. 26-11-1901.

60. B.D., Mem. Tilley, Mr. Chamberlain and Count Von Bülow; B.D. I, nr. 342, memorandum by Sir E. Crowe, dd. 1-1-1907; Boyd, II, p. 68, Editorial Note; Halevy, *Imperialism*, pp. 122-125.

61. Boyd, II, p. 68.

62. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 122-136; Grant en Temperley, p. 336.

63. B.D. II, nr. 91, memorandum deur Bertie, dd. 9-11-1901.

64. Vgl. Grant en Temperley, p. 337.

Wêreldoorlog.⁶⁵ In 1907 het Brittanje ook Chamberlain se anti-Russiese beleid verwerp toe 'n Anglo-Russiese ooreenkoms gesluit is om al die geskille tussen die Leeu en die Beer by te lê.⁶⁶

In die tweede plek was daar die Duitse mededinging met die Britse handel en industrieë. Die invloed van hierdie faktor moet egter nie oorskat word nie. In werklikheid was die ekonomiese bedreiging van Duitse kant teen 1902 kleiner as ses jaar van te vore toe die Unioniste aan bewind gekom het. Die Duitse industrieë het intussen 'n depressie belewe. Die grootste gevaar vir Brittanje op ekonomiese gebied het op hierdie tydstip van die kant van die Verenigde State van Amerika gekom en nie van Duitsland nie.⁶⁷

In die derde plek — en dit was verreweg die belangrikste oorsaak — was daar die bedreiging vir Brittanje se oppermag op see, wat hy byna 'n eeu lank gehandhaaf het. Die vlootbouprogram wat Von Tirpitz in 1897 aangepak het, en waarna ons voorheen verwys het, het Wilhelm II hoegenaamd nie bevredig nie. Hy het nog voortdurend soos 'n ylerde koorspatiënt gekerm dat hy 'n vloot moes hê.⁶⁸ In Desember 1899, lank nog voordat Von Tirpitz dié program kon afhandel, het Von Bülow die ryksdag gewaarsku dat 'n tweede program voorberei word.⁶⁹ Die vlootwet van 1901 het voorsiening gemaak vir die bou van oorlogsbote ter waarde van £74,000,000 binne sestien jaar.⁷⁰ In die memorandum waarin Von Tirpitz sy nuwe program toegelig het, het hy verklaar dat Duitsland so 'n sterk vloot moes hê dat selfs sy magtigste teenstander op see tweemaal sou dink voordat hy hom aanval.⁷¹ Die armada wat hy beoog het, sou Brittanje wel nog nie van sy troon stoot as heerser van die magtige oseane nie, maar dit sou sy posisie in die Noordsee uiters onveilig maak.⁷² Britse vlootdeskundiges het dan ook sonder verwyf na die pen gegryp en alarm gemaak. Hoewel die Franse uitvinding van die duikboot hulle ook ontstel het, en hulle terselfdertyd verplig was om die uitbreiding van die Russiese vloot dop te hou, was hul aandag veral toegespits op die Duitse gevaar. In 1901 verskyn *Efficiency and Empire* uit die pen van Arnold White. Daarin verklaar hy o.m.: „German efficiency has already secured out the trident. Neither France nor Russia is impatient to assist us to a formidable and homogeneous fleet . . . Germany has already stretched

65. Vgl. B.D. I, nameregister.

66. Vgl. Grant en Temperley, p. 385.

67. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 125-126. Halevy skrywe in hierdie verband: „The formation of the gigantic Steel Trust and its absorption of an important British Steamship company and several minor companies was of ill-omen for the future of British trade.”

68. Vgl. bv. G.P. XV, nr. 4396, Wilhelm II aan Bülow, dd. 29-10-1899; G.P. XV, nr. 4398, memorandum deur Von Bülow, dd. 24-11-1899; G.P. XV, nr. 4402, kanttekening van Wilhelm II by 'n brief van Von Hatzfeldt, dd. 20-12-1899; G.P. XV, nr. 4494, Wilhelm II aan koningin Wilhelmina, dd. 27-3-1900; (Vir meer voorbeelde kyk tweede voetnoot op bladsy 112 in Halevy, *Imperialism and the Rise of Labour*).

69. Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 115. Hy was veronderstel om die eerste program in 1904 af te handel. (Grant en Temperley, p. 331).

70. Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 115; p. 126.

71. Vgl. Grant en Temperley, p. 350, waar die verklaring woordeliks aangehaal word.

72. Vgl. Halevy, *Imperialism*, p. 126.

recover the supremacy which we have listlessly allowed to slip from our hands".⁷³ In dieselfde jaar lewer Archibald Hurd: *The British Fleet. Is it sufficient and efficient?* waarin hy in dieselfde trant as White betoog.⁷⁴ Hierdie skrywers is aangemoedig en met raad bedien deur gesaghebbers soos admiraal Beresford en admiraal Fremantle.⁷⁵ Die rooi lig wat hierdie manne laat sien het, het die gewenste uitwerking gehad. Kort na die einde van die Tweede Vryheidsoorlog het Wilhelm Brittanje weer besoek. Hoewel hy van owerheidsweë baie hoflik ontvang is, was die pers en publiek uiters vyandiggesind.⁷⁶ 'n Heftige anti-Duitse agitاسie is op tou gesit deur die Liberale party. Op 16 Februarie 1903 is 'n vergadering van alle politieke partye onder voorsitterskap van Haldane, 'n leier van die Liberale Imperialiste, gehou om te eis dat 'n eskader na die Noordsee gestuur word en 'n vlootbasis op die ooskus van Brittanje gebou word. Noodgedwonge moes Balfour, wat Salisbury as eerste minister vervang het, maatreëls tref om die gevaar van Duitse aggressie die hoof te bied. 'n Verdedigingsraad bestaande uit vier kabinetslede en vier senior offisiere van die leër en vloot is in die lewe geroep; in die begroting is voorsiening gemaak vir die grootste bedrag ten behoeve van die vloot in die geskiedenis van Brittanje; en in die parlement het Balfour aangekondig dat 'n nuwe vlootbasis in die Noordsee by die ingang van die Firth of Forth aangelê sou word.⁷⁷ Dit is duidelik dat die Britte se strategie verder noordwaarts geskuif het as 'n eeu gelede toe die Franse die aartsvyand was.

Sedert die totstandkoming van die Duitse ryk in 1871 het Britse en Duitse imperialiste die saad van onderlinge wantroue en haat kwistig uitgestrooi in Londen en Berlyn. Op 19 Desember 1899 het Lascelles en Von Bülow probeer vasstel waarom die saad so vinnig ontkiem het. In 'n verslag aan sy politieke hoof het die Britse gesant die beskouing van die Duitse minister oor die saak soos volg gestel: „There was a certain amount of jealousy of England's enormous Empire. There was commercial rivalry, and there was the feeling that, in her attempts at colonial expansion, Germany had been harshly treated by England . . . ”⁷⁸ As Duitsland by die aanvang van die Tweede Vryheidsoorlog 'n vloot gehad het waarmee hy Brittanje 'n uitklophou kon toedien, sou die spanning tussen die twee moondhede baie groter gewees het. Sou Wilhelm II dan nog geweier het om Kruger te woord te staan? En sou Von Bülow dan nog die Britte gelukkigewens het met hul oorwinning in Suid-Afrika?⁷⁹ Die stryd tussen Boer en Brit het plaasgevind by die skeiding van 'n ou en nuwe bedeling. Uit die oogpunt van die Boer beskou, was dit jammer dat die skaal nog oorgehel het na die kant van die ou bedeling.

Dr. H. R. van der Walt.

73. Aangehaal in Halevy in die tweede voetnoot op p. 127.
 74. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 126-127, veral die voetnote.
 75. Ibid.
 76. Vgl. Halevy, *Imperialism*, pp. 131-135.
 77. Halevy, *Imperialism*, pp. 135-136.
 78. B.D. I, nr. 302, Lascelles aan Salisbury, dd. 20-12-1899.
 79. B.D. I, nr. 341, Lascelles aan Lansdowne, dd. 8-6-1902.